



# STUDIE VIR GROEPE

## *Die gelykenis van NOG 1*

### 8 Mei 2022

#### OPEN MET GEBED

#### LUISTER NA MEKAAR

Vertel wat jy tydens Sondag se erediens gehoor het.

#### WANDEL IN DIE WOORD

Iemand lees die bekende Lukas 15 hardop voor.

Deel met mekaar watter woorde of frase die Heilige Gees vir jou nou in hierdie gedeelte beklemtoon het.

Gee jou eie definisie van Misso Dei vanuit Lukas 15.

Die “kerk” van destyds het nie verstaan wat Jesus gedoen het nie. Dink jy vandag se Christendom verstaan wat God doen?

Watter bedreiging hou “negativity bias” en “cocooning” vandag vir die Misso Dei in?

Om te onderskei waar God besig is, leer ons om Godsvrae te vra.

Hiermee die vier Godsvrae waarna Sondag verwys is.

1. Waar is God besig?
2. Wat is God besig om te doen?
3. Wat wil God vir ons hiermee sê?
4. Waar wil God hê moet ek en ons gemeente by Hom aansluit?

‘n Goeie manier om die eerste twee vrae te bespreek is om 2 – 2 met mekaar te deel en dan aan die groter groep terugvoer te gee oor wat jou gespreksgenoot gesê het.

Watter temas word tydens die terugvoer bevestig?

Gebruik die derde en vierde vraag om dit in die groter groep te bespreek.

Wat dink jy sê die Here vir jou oor NOG 1?

#### LUISTER NA DIE LIED

Sondag het ons ‘n lied gesing wat vertel van God wat deur ons NOG 1 in hierdie stad wil bereik. Luister nou weer saam na die lied en deel met mekaar watter woorde in die lied die Heilige Gees nou vir jou beklemtoon.

[https://music.youtube.com/watch?v=3rvQpTGKk\\_U&feature=share](https://music.youtube.com/watch?v=3rvQpTGKk_U&feature=share)

#### GEBED

Die Getuënisbediening vra vir voorbidding dat ons geloofsfamilie geraak sal word om deel te word van die bediening en dat die Here ons sal lei om te weet waar en hoe om aktief betrokke te raak.

Bid dat die Here ons daagliks sal laat sien waar Hy rondom ons besig is om NOG 1 met Sy liefde te bereik. Bid dat ons gehoorsaam in pas met God sal leef om met Sy passie NOG 1 met Sy liefde aan te raak.